STRATEGIE OOR PADVEILIGHEID
Stuur jou idees sodat ons jou paaie veiliger kan maak

Ons vra Kaapstad se padgebruikers om met die Stad Kaapstad saam te werk om idees en oplossings te formuleer sodat ons padveiligheids- en verkeersmatigingsuitdagings vir beide voetgangers en motoriste kan verbeter.

Die fokus is op drie temas:

- Tema 1 – Padveiligheid vir voetgangers en gebruikers van ander niegemotoriseerde padvervoer
- Tema 2 – Padveiligheid vir passassiers
- Tema 3 – Padveiligheid vir motoriste

Het jy geweet?

Net in 2021 alleen is Kaapstad se inwoners deur 55 000 padverkeersongelukke geraak, wat daartoe gelei het dat dit as 'n uitdaging geïdentifiseer is.

Elke jaar sterf daar meer as 700 mense op Kaapstad se paaie terwyl 7 000 mense beserings opdoen, met meer as 70% hiervan op nasionale, streek- en hoofpaaie.

400 tot 500 voetgangers verloor elke jaar hul lewens op ons paaie, wat 60% tot 70% van alle padsterftes uitmaak.

Hoe kan jy help?

Innoveerders, navorsers, entrepreneurs, inwoners, akademiese inrigtings en besighede kan hul idees tot 10 Desember 2023 via die Stad se samewerkingsplatform ("Collaboration Platform") indien, wat ons sal help om aan oplossings vir veiliger paaie vir almal te werk.

Gaan na http://www.capetown.gov.za/collaborate vir nog inligting.

Voorlegging van idees:

*Let asseblief daarop dat jy eers aanlyn op die samewerkings-platform moet registreer voor jy jou idees kan indien.

Aanlyn: http://www.capetown.gov.za/collaborate of gaan na jou naaste biblioteek of Stadsfasiliteit waar jy op Smart Cape kan aanteken en jou idees indien.

QR: Skandeer die QR-kode om jou idees digitaal op die samewerkingsplatform in te dien.

Skriftelike voorleggings: Wees op die uitkyk vir kennisgewings van jou subraadskantoor vir 'n geleentheid om jou idees in te dien en met die Stad se projekbestuurspan vir die strategie oor verkeersveiligheid en die beleid oor verkeersmatiging te skakel.

Vir navrae stuur 'n e-pos aan roadsafetyCT@capetown.gov.za.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA134/2023

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.